**HOËRSKOOL STRAND**

# BELEID VIR WILLEKEURIGE DEURSOEKINGS EN BESLAGLEGGINGS

## 1. Inleiding

Dit is 'n proses wat uitgevoer word in terme van 'n *in loco parentis* verhouding tussen die opvoeder en die leerder. Die riglyne is daarop gemik om by te dra tot 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing. Dit lei ook tot die verbetering en instandhouding van die gehalte van die leerproses.

## 2. Algemene riglyne

2.1 Ingevolge Artikel 8A(1) van die SASW mag niemand 'n gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel na skoolgronde bring of sodanige voorwerp of middel in sy of haar besit hê op skoolgronde of tydens enige skoolaktiwiteit nie.

2.2 Artikel 8A(2) van die SASW gelas die skoolhoof of sy gedelegeerde om willekeurig enige groep leerders of die eiendom van 'n groep leerders vir enige gevaarlike voorwerp of onwettige middel te deursoek, indien 'n billike en redelike suspisie bestaan dat voornoemde items of middels in diegene se besit is.. Die volgende kan 'n aanduiding wees van die teenwoordigheid van onwettige dwelms en gevaarlike voorwerpe by 'n skool:

(A) Inligting aan die skoolhoof verskaf;

(B) Reuk van dagga op die skoolterrein of aan ‘n leerder;

(C) Die verslae of inligting ontvang van ouers;

(D) Tekens van dwelms op die skoolterrein;

(E) Dreigemente oor die gebruik van gevaarlike voorwerpe teen ander leerders;

(F) Beserings as gevolg van die gebruik van sulke voorwerpe;

(G) Enige aanduiding wat onder die omstandighede redelik is.

2.3 Artikel 1 van die SASW definieer die volgende terme:

***Gevaarlike voorwerpe***, as verwysend na 'n plofbare materiaal of toestel; enige vuurwapen of gaswapen; enige artikel, voorwerp of instrument wat gebruik mag word om 'n persoon leed aan te doen of skade aan eiendom aan te rig, of om 'n persoon tydelik verlam of onbewus (bewusteloos) te maak of enige voorwerp wat deur die Minister in die Staatskoerant as gevaarlik verklaar is;

***Onwettige dwelms,*** as enige onwettige middel wat 'n sielkundige of fisiologiese uitwerking het of enige middel met sodanige effek wat wederregtelik in besit is; en

***Skoolaktiwiteit,*** as enige amptelik opvoedkundige, kulturele, ontspannings- of sosiale skoolaktiwiteit, binne of buite die skoolterrein.

2.4 Die skoolhoof of sy gedelegeerde moet die deursoeking op 'n redelike manier en in verhouding tot die vermoedelike onwettige aktiwiteit doen. (artikel 8A(3)(b)

Die volgende dien as 'n illustrasie van hierdie bepaling:

(A) Waar daar 'n vermoede bestaan dat leerders onwettige dwelms of gevaarlike voorwerpe in hul tasse of sluitkaste het, moet die willekeurige deursoeking slegs gerig wees op die leerders se tasse en sluitkaste en mag nie uitgebrei word na hul liggame nie.

(B) Waar daar 'n vermoede bestaan dat leerders onwettige dwelms of gevaarlike voorwerpe in hul sakke of elders in hul klere het, mag slegs hulle klere en sakke deursoek word, en nie hul eiendom (soos skoolsakke en sluitkaste) nie.

(C) Indien daar twyfel is oor waar die onwettige dwelms en / of gevaarlike voorwerpe versteek is, moet die soektog aanvanklik gerig word op die tasse en sluitkaste van die groep leerders.

(D) Indien niks gevind word in die tasse en sluitkaste nie, mag die deursoeking gerig word op die klere en liggaam van die leerders.

## 3. Die benadering tot die deursoeking en beslaglegging

3.1 Die soektog moet onderneem word deur die skoolhoof of sy gedelegeerde met dien verstande dat die deursoeker van dieselfde geslag as die leerder **moet** wees.

3.2 Die soektog moet onderneem word in 'n private omgewing.

3.3 Die soektog mag nie gedoen word in die teenwoordigheid van ander leerders of persone van die teenoorgestelde geslag nie.

3.4 Die soektog moet onderneem word in die teenwoordigheid van 'n volwasse getuie van dieselfde geslag as die leerder.

3.5 Die voorwerp of dwelms wat aan die leerder se persoon of in sy of haar besit of beheer gevind word, moet gefotografeer word waar dit redelikerwys moontlik is om dit te doen.

3.6 Die voorwerp of dwelms wat gevind word op die leerder of in sy of haar besit moet gefotografeer word waar dit redelikerwys moontlik is om dit te doen.

3.7 Die deursoeking mag nie uitgebrei word na enige liggaamsholte van die leerder nie, en die leerder se private dele mag nie aangeraak word nie.

**4. Praktiese stappe vir deursoeking en beslaglegging**

4.1 Hoe om 'n deursoeking te doen

4.1.1 As die leerders se klere en / of tasse deurgesoek moet word, moet die deursoeking uitgevoer word in 'n leë en skoon ruimte, soos die skoolhoof se kantoor, en elke leerder moet deurentyd sy of haar eie sak by hom of haar hou.

4.1.2 As sluitkaste deurgesoek moet word, moet die skoolhoof of sy gedelegeerde verseker dat elke leerder langs sy eie sluitkas staan.

4.1.3 Waar moontlik, moet 'n getuie geïdentifiseer word vir elke leerder wat deursoek word.

4.1.4 Terwyl die leerder sy of haar beurt afwag om deursoek word, moet die getuie kyk na die gedrag van die leerder.

4.1.5 Die getuie moet ook identifiseer watter ander eiendom (byvoorbeeld, 'n sluitkas) behoort aan die skool en beskikbaar vir die leerder is om te gebruik. As daar so 'n item van skooleiendom is, moet die getuie die identifikasie daarvan uitvind (byvoorbeeld, 'n sluitkasnommer).

4.1.6 Die leerder en die getuie word toegelaat tot die hoof se kantoor (buite sig van ander leerders), en die leerder word dan versoek om enige onwettige dwelm of gevaarlike voorwerp in sy of haar besit te oorhandig.

4.1.7 Indien die leerder nie op hierdie punt 'n onwettige dwelmmiddel of gevaarlike voorwerp vrywillig wil oorhandig nie, moet die leerder gevra word om sy of haar sakke (klere en/of ander sakke) leeg te maak.

4.1.8 Terwyl die leerder se arms is uitgestrek is, moet die persoon wat die deursoeking doen, die liggaam oppervlakkig deursoek. Onder geen omstandighede mag die leerder se private dele aangeraak word nie.

4.1.9 As 'n laaste uitweg, moet die leerder versoek word om sy of haar klere tot by die onderklere uit te trek, en dan moet die klere oorhandig word vir deursoeking.

4.1.10 Indien, op hierdie punt, die vermoede bestaan dat die leerder 'n verdagte voorwerp ingesluk het, is dit raadsaam om die saak direk aan die polisie te oorhandig.

4.2 Hoe om 'n spesiale versoek te hanteer deur 'n leerder wat die gebied wil verlaat

4.2.1 'n Dringende behoefte om die badkamer te gebruik, is die enigste aanvaarbare rede om die gebied te verlaat.

4.2.2 Bring hierdie versoek onder die aandag van die persoon in beheer van die deursoeking.

4.2.3 Probeer die leerder akkommodeer deur hom of haar volgende te laat deursoek.

4.2.4 Indien dit nie moontlik is nie, moet die leerder, as 'n laaste uitweg, toegelaat word om na die badkamer te gaan, maar moet vergesel word deur die getuie wat die hele tyd die leerder binne sig moet hê.

4.2.5 Indien die persoon in beheer van die deursoeking die lokaal moet verlaat vir enige rede, moet die getuie die leerder dophou vir enige verdagte gedrag en dit so aanteken.

4.3 Bestuur van moontlike onderbrekings tydens deursoeking

4.3.1 Die deursoeking mag nie ontwrig word deur telefoonoproepe aan die leerder, die getuie of die persoon in beheer van die deursoeking nie, of enige ander wyse nie. Telefoonoproepe in verband met 3.4.6.1 en 3.4.6.2 word wel toegelaat.

4.4 Tyd van deursoeking

4.4.1 Wanneer daar 'n vermoede bestaan dat 'n gevaarlike voorwerp in 'n leerder se besit is, word dit aanbeveel dat die soektog vroeg in die oggend uitgevoer word.

4.4.2 Die soektog moet gedoen word op 'n ordelike wyse en getuienis moet bewaar word.

4.4.3 Dit is raadsaam om nie klasse te ontwrig nie, en veral waar dit moontlik is, te beplan dat 'n deursoeking die volgende oggend by die skool sal plaasvind indien inligting ontvang is wat daarop dui dat gevaarlike voorwerpe skool toe gebring sal word.

4.4.4 Maak seker dat die deursoeking en beslaglegging effektief, betyds en op ‘n redelike tyd gedoen word ten einde te verseker dat leerders nie die geleentheid kry om die gevaarlike voorwerpe of dwelms gebruik nie.

## 5. Delegering indien die skoolhoof nie beskikbaar is nie

5.1 Twee persone, een vroulik en een manlik, moet gedelegeer word om die deursoekings- en beslagleggingsfunksie waar te neem indien die skoolhoof nie beskikbaar is nie. Die name van hierdie persone moet aangeteken word in 'n logboek en moet te alle tye bekend wees sodat daar sekerheid sal wees oor wie se verantwoordelikheid dit is om op te tree indien die skoolhoof afwesig is.

5.2 Die gedelegeerde persone moet insig, kennis en begrip hê in die proses van deursoeking en beslaglegging. Geen formele opleiding is nodig nie, die lees van hierdie riglyne word beskou as voldoende. Indien die gedelegeerde persoon onseker is oor enige deel van die deursoekingsproses, kan hy of sy voor die deursoeking weer hierdie riglyne lees om te verseker dat hy / sy presies weet hoe om die soektog te doen. 'n Afskrif van hierdie riglyne moet te alle tye beskikbaar wees by die skoolhoof se kantoor.

5.3 Indien die skoolhoof vir 'n lang tydperk weg van die skool sal wees, byvoorbeeld op studieverlof, verlof of siekteverlof, kan 'n formele waarnemende aanstelling gemaak word in sy plek, en die persoon wat aldus aangestel is, sal dieselfde gesag hê as die van die skoolhoof.

5.4 Indien die skoolhoof slegs tydelik afwesig sal wees, moet hy, voor hy vertrek, 'n persoon identifiseer wat as gedelegeerde kan optree in sy afwesigheid, sodat almal weet wie die skoolhoof se gedelegeerde is wat betref deursoekings.

5.5 Indien die skoolhoof nie 'n persoon geïdentifiseer het voor dat hy vertrek het nie, kan hy so 'n gedelegeerde aanstel per telefoon. Sodanige gedelegeerde en instruksies wat per telefoon gegee word, moet in die logboek by die skool geskryf word.

5.6 'n Deursoeking en beslaglegging kan nie gekanselleer of uitgestel word omdat die skoolhoof nie beskikbaar is nie.

## 6. Indien 'n leerder weier om deurgesoek te word

6.1 Indien dit redelik uitvoerbaar is, moet die ouer/voog gebel word of 'n boodskap moet gestuur word aan die ouer/voog of die ouer/voog moet enige ander wyse gekontak word om die ouer/voog in kennis te stel dat die leerder onwillig is om saam te werk in 'n wettige deursoeking en beslagleggingsproses soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Skolewet, en dat die leerder oorhandig sal word aan die polisie.

6.2 As die ouer/voog aandui dat hy of sy bereid is om deel te neem aan die proses kan hy 'n opdrag aan die leerder gee om saam te werk in 'n deursoeking en beslaglegging, wat in terme van artikel 8A uitgevoer word, waarvan die uitslag aan 'n dissiplinêre proses gekoppel is. Die ouer/voog kan 'n redelike geleentheid gebied word om na die skool te kom om die leerder te gelas om saam te werk. 'n Ouer/voog kan ook so 'n opdrag aan die leerder en aan die skoolhoof oor die telefoon gee. Soos in die geval tydens die res van die deursoeking en beslagleggingsproses, moet 'n getuie teenwoordig wees terwyl so 'n telefoongesprek plaasvind. Dit is baie belangrik dat die skoolhoof kommunikeer met die ouer/voog en die skoolhoof moet verduidelik dat die basis vir die deursoeking en beslaglegging op grond van die bepalings van artikel 8A plaasvind.

6.3 Indien die leerder en / of die ouer/voog weier om saam te werk, moet die saak en die leerder aan die polisie oorhandig word sodat hulle 'n soektog kan doen in terme van die Strafproseswet. Die uitkoms van so 'n soektog is gekoppel aan 'n strafhofproses met die moontlikheid van kriminele vervolging.

**7. Hoe om te werk te gaan wanneer dit nie noodwendig moontlik is om die prosedures en beginsels bedoel in artikel 8A te volg nie:**

7.1 By 'n gewone skool dit kan gebeur dat 'n noodtoestand ontstaan wat dit onmoontlik kan maak om die normale prosedures en die beginsels van artikel 8A te volg vanweë veiligheidsredes.

7.2 'n Situasie kan ontstaan waar die proses nie nog nie ingestel is nie, of dat, terwyl die proses ingestel word, 'n leerder 'n gevaarlike voorwerp gebruik en ander mense begin wond of skooleiendom begin beskadig. Die situasie kan ook wees dat 'n leerder, met of sonder 'n gevaarlike voorwerp in sy of haar besit, 'n ernstige bedreiging vir 'n ander persoon of ander persone kan inhou.

7.3 Kalmeer die situasie. Kry almal buite bereik of sig van so 'n leerder.

7.4 Onderhandel met die leerder, met inagneming van die volgende kwessies:

(A) Moet nie aksie neem wat die situasie nog verder kan vererger nie.

(B) Probeer hom of haar oorreed om enige gevaarlike voorwerp te oorhandig.

(C) Verseker die leerder dat die ouer geskakel is om die saak op te los of dat die leerder enige persoon kan bel.

(D) Kalmeer die leerder en vra hom of haar om te praat oor die aangeleentheid.

(E) Probeer om hom of haar te oorreed om nie enige persoon of eiendom in gevaar te stel nie. Indien daar gyselaars is, probeer om te onderhandel op 'n

manier waarop die probleme bespreek kan word sonder gevaar vir die lewens van sodanige persone.

(F) Indien die omvang van die situasie selfs effens verswak of indien die leerder nie tot bedaring gebring kan word nie, moet die polisie onmiddellik in kennis gestel word.

7.5 Onderhandel vanuit 'n veilige posisie.

**8. Beslaglegging**

8.1 Die proses wat gevolg moet word na die beslagneming van 'n gevaarlike voorwerp, soos vervat in artikel 8A (5) tot (7), moet gevolg word tot op die letter.

8.2 Die gevaarlike voorwerp of dwelm moet duidelik en korrek gemerk word met die volgende inligting: naam en van van die leerder in wie se besit dit gevind is, datum en tyd van deursoeking en beslaglegging, voorvalverwysingsnommer, naam en van van persoon wat die leerder deursoek het, naam en van van die getuie en enige ander inligting wat nodig mag wees om die voorwerp en insident te identifiseer.

8.3 Indien die polisie nie die gevaarlike voorwerp of dwelm onmiddellik by die skool kan afhaal nie, moet die skoolhoof of sy gedelegeerde dit na die naaste polisiekantoor neem en daar inlewer. Die polisie moet 'n kwitansie vir ontvangserkenning daarvoor aan die skoolhoof of sy gedelegeerde uitreik.

8.4 Die uitkoms van hierdie proses kan lei tot 'n dissiplinêre proses en meegaande strafsanksie.

GETEKEN TE ……**Strand**……OP ………………………………………2016.

____________________________ ____________________________

VOORSITTER SKOOLHOOF